PROVINCE OF WESTERN CAPE

Provincial Gazette Extraordinary

5676

Friday, 23 February 2001

PROVINSIE WES-KAAP

Buitengewone Provinsiale Koerant

5676

Vrydag, 23 Februarie 2001

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

CONTENTS

PROVINCIAL NOTICE

The following Amendment Bill is hereby published for general information:

Western Cape Bill on the Amendment of the Land Use Planning Ordinance, 2001

P.N. 58/2001 23 February 2001

Any person or organisation wishing to comment on the said Amendment Bill is requested to lodge such comment in writing before or on 16 March 2001:

(a) by posting it to:

The Secretary:
Western Cape
Provincial Parliament
P.O. Box 648
Cape Town
8000

(b) by handing it in at:

Room 4-100
Provincial Legislature Building
7 Wale Street
Cape Town

P. J. C. Pretorius
Secretary to Parliament

INHOUD

PROVINSIALE KENNISGEWING

Die volgende Wysigingswetsontwerp word hierby vir algemene inligting gepubliseer:

Wes-Kaapse Wysigingswetsontwerp op die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 2001

P.K. 58/2001 23 Februarie 2001

Enige persoon of organisasie wat kommentaar oor die genoemde Wysigingswetsontwerp wens te lewer, word versoek om sodanige kommentaar skriftelik te lewer voor of op 16 Maart 2001:

(a) deur dit te pos aan:

Die Sekretaris:
Wes-Kaapse
Provinsiale Parlement
Posbus 648
Kaapstad
8000

(b) deur dit in te handig by:

Kamer 4-100
Provinsiale Wetgewer-gebou
Waalstraat 7
Kaapstad

P. J. C. Pretorius
Sekretaris van Parlement

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

AMENDMENT BILL

To amend the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985), to provide for the extension of the period of 15 years since the commencement of the Ordinance, during which period landowners may exercise land use rights.

BE IT ENACTED by the Provincial Parliament of the Province of the Western Cape, as follows:—

Amendment of section 14 of Ordinance 15 of 1985

1. The following subsection is hereby substituted for subsection (2)*(a)* of section 14 of the Land Use Planning Ordinance, 1985:

"(2)*(a)* If after the expiry of a period of **[15]** 18 years after the date of commencement of this Ordinance any use right in respect of land to which the applicable provisions of section 7 apply has not been exercised, the land concerned shall, subject to the provisions of paragraph *(b)* of this subsection, be deemed to be zoned in accordance with the utilisation thereof, as determined by the council concerned, and any applicable zoning map existing at the said expiry shall lapse."

Short title

2. This Act is called the Western Cape Act on the Amendment of the Land Use Planning Ordinance, 2001.

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WYSIGINGSWETSONTWERP

Tot wysiging van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985), om voorsiening te maak vir die verlenging van die 15 jaar tydperk vanaf die inwerkingtreding van die Ordonnansie waartydens grondeienaars gebruiksregte kan uitoefen.

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Parlement van die Provinsie Wes-Kaap, soos volg:—

Wysging van artikel 14 van Ordonnansie 15 van 1985

1. Artikel 14 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985, word hierby gewysig deur subartikel (2)*(a)* met die volgende subartikel te vervang:

"(2)*(a)* Indien na die verstryking van 'n tydperk van **[15]** 18 jaar na die datum van inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie enige gebruiksreg ten opsigte van grond waarop die toepaslike bepalings van artikel 7 van toepassing is, nie uitgeoefen is nie, word die betrokke grond behoudens die bepalings van paragraaf *(b)* van hierdie subartikel geag gesoneer te wees in ooreenstemming met die aanwending daarvan, soos deur die betrokke raad bepaal, en verval enige toepaslike soneringskaart wat by genoemde verstryking bestaan."

Kort titel

2. Hierdie Wet heet die Wes-Kaapse Wet op die Wysiging van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 2001.

EXPLANATORY MEMORANDUM
LAND USE PLANNING ORDINANCE, 1985, AMENDMENT BILL (ORDINANCE 15 OF 1985)

Section 14 of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985), provides for the lapsing of land use rights which were not exercised for a period of 15 years since the commencement of the Ordinance on 1 July 1986. When the land use rights lapse the relevant land shall be deemed to be zoned in accordance with the legal utilisation thereof as determined by the local authority. This provision was included in the Ordinance so that long term planning decisions which were taken before the commencement of the Ordinance shall not exist *ad infinitum*. Local Government requested the Provincial Government to investigate this matter and to possibly promulgate arrangements before 1 July 2001 when the above land use rights lapse. Local Government is concerned that landowners whose land use rights lapse may claim compensation from local authorities. This matter is also being addressed in the Western Cape Planning and Development Act, 1999 (Act 7 of 1999), but it would appear as if Act 7 of 1999 would not commence before 1 July 2001. The extension of the period of 15 years with a further 3 years will grant the Provincial Government adequate time to investigate the matter properly and to promulgate appropriate legislation.

VERKLARENDE MEMORANDUM WYSIGINGSWETSONTWERP OP DIE ORDONNANSIE OP GRONDGEBRUIKBEPLANNING, 1985 (ORDONNANSIE 15 VAN 1985)

Artikel 14 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985), maak voorsiening vir die verval van grondgebruikregte wat vir 'n tydperk van 15 jaar vanaf die inwerkingtreding van die Ordonnansie op 1 Julie 1986 nie uitgeoefen is nie. Wanneer die grondgebruikregte verval, sal die betrokke grond geag gesoneer te wees in ooreenstemming met die wettige aanwending daarvan soos deur die plaaslike owerheid bepaal. Hierde bepaling is destyds in die Ordonnansie ingeskryf om voorsiening te maak dat langtermynbeplanningsbesluite wat voor die inwerkingtreding van die Ordonnansie geneem is nie *ad infinitum* voortbestaan nie. Die Plaaslike Regering het die Provinsiale Regering versoek om hierdie aangeleentheid te ondersoek en moontlik ander maatreëls af te kondig voor 1 Julie 2001 wanneer die bogenoemde grondgebruikregte verval. Die Plaaslike Regering is bekommerd daaroor dat grondeienaars wie se gebruiksregte verval moontlik eise vir skadevergoeding teen plaaslike owerhede kan inbring. Hierdie aangeleentheid word ook in die Wes-Kaapse Wet op Beplanning en Ontwikkeling, 1999 (Wet 7 van 1999), aangespreek maar dit blyk nou dat Wet 7 van 1999 nie voor 1 Julie 2001 in werking sal tree nie. Die verlenging van die tydperk van 15 jaar met 'n verdere 3 jaar sal die Provinsiale Regering voldoende tyd gee om die aangeleentheid behoorlik te ondersoek en gepaste wetgewing in plek te kry.

Printed by Creda Communications